

HELDE TREK DIEF VAS

Woensdagoggend, 22 April 2020 merk die werknemers by Dr. Baan se praktyk dat van die hakies waarmee die buiteligte vasgemaak is, los hang en dat van die ligte by die parkeerarea weg is. Die polisie en betrokke sekuriteit het die perseel besoek en vingerafdrukke en voetspore gekry. Dit is nie die eerste keer wat hierdie ligte verdwyn nie en dit was moontlik dieselfde persoon wat herhaaldelik die donker na vore bring. Die volgende dag het Dr. Marge Baan, Heilbron se tandarts, dit nie daar gelaat nie en André en Dirk Muller se hulp ingeroep na aanleiding van al die goeie stories van die diewe wat hulle vantevore laat les opsê het. Vrydag was hulle aktief in die omgewing van Breëstraat en het ook 'n ogie gegooi oor die praktyk. Nadat Marge vir André gevra het om tot haar redding te kom, het hy met sekerheid aan haar gesê dat die oortreder vasgekeer sal word. 'n Sensorlig het Vrydag vinnig aan en-afgegaan en Dirk het met 'n opgewonde stem gesê dat hy nou hier is. Soos André belooft het, het die twee met die hulp van Kosie Ferreira, die dief op heterdaad betrap waar hy besig was om die laaste lig af te steel. Hy wou om die gebou hardloop en ontsnap, maar André was hom een voor en het hom by die ander uitgang platgetrek. Die lig is teruggevind en die man is gearrester. Klaarblyklik is die einste dief drie maande gelede vrygelaat en keer nou terug na sy ou gewoontes. Hiermee toon Dr. Baan en die res van die praktyk groot waardering vir hierdie helde van die dorp.



Tiane, Claudine en Paul Steyn

Na 'n goeie reënseisoen in die Oos-Vrystaat het die kosmosse mooi geblom. Die foto is geneem tussen Heilbron en Frankfort op die plaas van Annette en Petrus Steyn.

LOCKDOWN WINSKOPIES

Heel varkhoud of -tjops @ R36.50/kg
Varknek & skouertjops @ R39.50/kg
Varktjops @ R44.50/kg
Heel vark @ R29.50/kg
C-graad skaap @ R75.00/kg

ONS LEWER AF
 Whatsapp jou bestelling, naam en adres na 082 781 6163

NOU OOK BESKIKBAAR
 500ml Hand Sanitiser @ R74.99
 Masker @ R20 elk

**OJ'S
MEAT MARKET**
 082 78 14101
 jilliers1997@gmail.com

Langmarkstraat, Heilbron

Herald

**Office
National**

Afslag op alle
klere in die
winkel!

**30%
AFSLAG**

Op die foto vl:

Kosie Ferrera, André Muller en
Dirk Muller

WISSENTRAAL

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207

Afslaer